Februarie 2025 2/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad

# Die Fontein



## Kom ons leef in Liefde!

## Wanneer dit moeilik is om lief te hê ...

## Die Vrug van die Gees ...

Die Fontein
Maandblad

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

Februarie 2025

| | |
|---|---|
| Redaksioneel | **01** |
| Geestelike groei | **02** |
| Gemeente-gebeure | **13** |
| Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe | **19** |
| Kinderhoekie | **20** |
| Briewekolom | **23** |
| Snuffelfontein | **25** |
| Blokadvertensies | **26** |

## Gebed vir die maand

**Efesiërs 3: 16**

**Paulus se gebed vir die Efesiërs:**

**"Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Chrisus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees."**



# Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

Dit is Februarie en vandeesmaand is ons maandblad se tema **"Kom Ons Leef In Liefde".**

Sommige van ons sal dadelik dink dat Valentynsdag ook in hierdie maand val. Dit is die dag waarop mense en dalk ook ons skoliere mooi romantiese boodskappies en blomme vir mekaar stuur. Dis pret, maar dit is nie net die soort liefde waaroor ons tema gaan nie.

Jesus antwoord die wetsgeleerde wat Hom die vraag gevra het oor die grootste gebod (Matt. 22:37) dat ons God en ons naaste moet liefhê. Verder sê Jesus in Joh. 15:12 vir sy dissipels net voor sy kruisiging:
**"Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet".**

Liefde wat by die Here begin, **is 'n liefde wat gee, 'n opofferende liefde.** Dit is nie maklik nie, veral as die Here ons leer dat ons selfs ons vyande moet liefhê. Jesus self het ons die voorbeeld gestel. Dink maar hoe Hy sy dissipels se voete gewas het. **Dink veral aan sy offer aan die kruis.**

In Joh. 15:13 staan daar:
**"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê".**

Paulus sê in Rom. 5:8:
**"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was".**

Ons vertrou dat julle die artikels hieroor in hierdie uitgawe opbouend en insiggewend sal vind.

Ons doen weereens 'n beroep op al ons lesers om asseblief deel te neem. Daarmee bedoel ek dat julle nie net die blad sal lees nie, maar ook jul **menings gee** in die briewekolom, a**dvertensies plaas** en die redaksie bedien met **konstruktiewe voorstelle.**

Ons wil graag sien dat ons blad interaktief raak met kommunikasie wat in beide rigtings vloei.

- Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za.**

- Of skakel vir sr. Clarissa by **079 162 3453.** Sy sal ook kan raad gee oor hoe die advertensies in die Snuffelfontein moet lyk.
Kerkkantoor

# Woordoordenking: Die kuns van onderskeidingsvermoë

Prof. Nico Vorster

In Fil. 1:9-11 noem Paulus vyf belangrike eienskappe van die liefde. Een van hierdie eienskappe is **onderskeidingsvermoë.** In die oorspronklike taal verwys dit na die vermoë om te kan sif.

Onderskeidingsvermoë dui op 'n vorm van liefde wat in staat is om die belangrike en die onbelangrike dinge in die lewe van mekaar te onderskei. Mense tree dikwels onbedagsaam op, want hulle kyk met tonnelvisie na 'n saak. Hulle is so gerig op hulle eie belange of die taak wat verrig moet word dat hulle liefdeloos optree.

In ons gejaagde lewe is onderskeidings-vermoë baie belangrik. Weens vol programme moet ons voortdurend verskillende prioriteite met mekaar probeer versoen. Dikwels is dit juis die belangrike dinge in my lewe, soos my eggenoot, kinders, kerk en familie, wat ek verwaarloos. Daar is baie dringende dinge in ons lewens wat ons spoedige aandag vereis. Alle dringende dinge is egter nie noodwendig belangrik nie. Gewoonlik is juis die eenvoudige dinge in die lewe, die belangrikste dinge. Eers in krisistye besef jy wat waarlik belangrik is.

**Die liefde dryf ons om die werklik belangrike dinge in die lewe raak te sien en aandag daaraan te bestee.**



Ook in ons menseverhoudinge moet ons 'n onderskeidingsvermoë openbaar. Soms moet ons stilbly en verdra, soms moet ons reguit wees en vermaan.

Die kuns van die liefde is 'n moeilike kuns. **Gelukkig gee die Here aan ons sy Heilige Gees wat deur die Woord ons onderskei-dingsvermoë leer.** Kom ons spits onsself daarop toe om in ons lewensverhoudinge onderskeidingsvermoë toe te pas.

Ook ons as kerk is 'n liefdeseenheid. Daarom is dit belangrik dat ons onsself afvra:

**Hoe lyk die liefde wat God van ons verwag?**

God is 'n God van liefde, daarom moet sy kinders ook mense van liefde wees.

# Woordoordenking:
# Die kuns van onderskeidingsvermoë (vervolg)

Johannes sê in 1 Joh. 3:11 die liefde is die kerngebod van God se wet. Hoe lyk die Christelike liefde? In vers 16 noem Johannes Christus die model van liefde:

**Christus is die definisie, die verpersoonliking van die liefde.**

Jesus het ons so liefgehad dat Hy sy lewe vir ons afgelê het. Liefde gaan oor selfverloëning en selfopoffering ter wille van ander.

Soos Christus sy Goddelike majesteit prysgegee het ter wille van ons en mens geword het, soos Christus bereid was om te sterf ter wille van ons, so moet al ons dade gedryf en gemotiveer word deur selfopoffering en selfverloëning.

Jesus vat die betekenis van die liefde goed saam wanneer hy in Mat. 7:12 leer:


**"Doen aan ander wat jy graag aan jouself gedoen wil hê".**

Die vernaamste **kenmerk van die Christelike liefde is dat dit nie op jouself gerig is nie, maar op jou naaste.**

In naasteliefde gaan dit nie net oor 'n liefde vir jou broer, suster of 'n algemene mensliewendheid nie, maar dit sluit ook liefde vir vreemdelinge en vyande in. Ons was self vyande van God en tog het God misdadigers as sy kinders aangeneem.

In Mat. 5 sê Jesus dat ons liefde as kinders van God anders moet wees as wêreldse liefde.

**Ons moet liefhê soos God liefhet** en daarom sal ook ons ons vyand moet liefhê. 'n Kind van God mag nooit enige wrokke teen enige mens koester nie.



# Leef liefde

Magda du Toit

Lukas 10:25-28: **"Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?"
Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?" Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand en jou naaste soos jouself."
"Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry."**

Dwarsdeur die Bybel, vanaf Genesis tot Openbaring lees ons van **genade, liefde en vergifnis.** Dalk het jy al gewonder hoe dit moontlik is om 'n liefdevolle lewe te lei.

In Lukas lees ons hoe: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

'n Eenvoudige, tog duidelike, antwoord. Maar dit is ook 'n opdrag: "Jy móét." Daar is nie keuse ingesluit nie. Jy moet jou hele wese oorgee aan liefde teenoor God, jouself en jou naaste. Jy moet daardie liefde op elke terrein en in elke faset van jou lewe uitleef.

Paulus omskryf die liefde nog verder in 1 Korintiërs 13. **"Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks."**

Paulus gaan verder en verduidelik hoe die liefde is: **"Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."**

**"Wanneer ons vol liefde is, sal ons oë en harte oop wees vir ander se behoeftes en nood."**

As ons hierdie liefde nastreef, dan sal ons ander vergewe net soos ons ook graag sal wil hê dat ander ons moet vergewe vir ons foute. Wanneer ons so vol van die liefde is wat van God kom, sal ons dit ook aan mekaar bewys en vir mekaar sê. Wanneer ons vol liefde is, sal ons oë en harte oop wees vir ander se behoeftes en nood. Ons sal mekaar vergewe. Ons sal mekaar ruimte gee en mekaar aanvaar. Ons sal mekaar ook in liefde reghelp en vermaan.

Wanneer ons so in liefde leef, sal ons nie mekaar probeer indoen, beskinder of beswadder nie. Ons sal nie net aan onsself dink nie en ons sal nie "mental notes" maak van oënskynlike kwaad wat ons aangedoen is nie. Ons sal ons nie in ander se teëspoed verlustig nie. Ons sal nie ongeduldig wees nie.

**Wanneer ons ons Vader liefhet met ons hele hart en siel, sal ons alles in ons vermoë doen om daardie liefde uit te leef.**

# Vrug van die Gees

Magda du Toit

Ons leef in 'n tyd wat gekenmerk word deur selfsug, rassehaat, jaloesie, gierigheid en versteurde gesins- en menseverhoudings.

Om iemand sleg te sê en af te kraak op sosiale media is niks ongewoon nie. Skinderpraatjies is dikwels die hoofrede waarom ons bymekaar kom en ook waarom baie vriendskappe op die rotse loop.

En dan sê ons dat ons Christene is?

Om te sê dat jy 'n Christen is – 'n kind van God – hou sekere vereistes in. In Ef. 5 word ons opgeroep om met die Gees vervul te wees en in Galasiërs word ons opgeroep om deur die Gees te leef. In beide die Skrifgedeeltes blyk dit dat **die praktiese uitvloeisel van 'n Geesvervulde Christenskap, liefde is.**

**Sonder die liefde kan daar van 'n Christelike lewe geen sprake wees nie.**

Korinte, die hoofstad van die Romeinse provinsie Agaje, was 'n welvarende handelstad, bekend vir sy handel, kultuurskatte, verskillende godsdienste en uiters uitspattige leefwyse. Handel het floreer omdat die stad gunstig geleë was. Die stad het verder beroemdheid verwerf vir die Istmiese Spele wat tweejaarliks gehou is.

Een van die eerste Christelike gemeentes is hier gestig, maar soos ons lees in Paulus se briewe aan die gemeente, was daar onenigheid onder die gemeentelede.



**"Die liefde-eienskap van God ook in ons lewens wys"**

Daar was diegene met baie kennis, ander het weer sterk persoonlikhede gehad, ander was ryk en sommige was geseënd met verskeie gawes. Niemand wou egter terugstaan vir die ander nie. Almal wou belangrik wees. Hulle was jaloers op mekaar. Die een het die ander niks gegun nie.

Paulus het dalk 'n brief vir daardie gemeente geskryf, maar as ons doodeerlik moet wees, kon dit net sowel vir baie gemeentes en gemeenskappe in ons land gewees het.

Omdat hierdie ingesteldheid Paulus bekommer het, skryf hy vir hulle oor die liefde. Hy beklemtoon dat die liefde nie afgunstig, grootpraterig, of verwaand is en onwelvoeglik handel nie. Die liefde, skryf hy, soek nie eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie, en verbly hom nie oor die onreg nie. Paulus gaan verder en sê wat die liefde is: Die liefde verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles en vergaan nooit. Liefde is onvoorwaardelik.

Ons moet kennis neem sodat ons ook só kan leef. Die liefde is immers ook deel van die vrug van die Gees (Gal. 5:22). En as ons wat onsself kinders van God noem, wat na die beeld van God geskep is, moet hierdie liefde-eienskap van God ook in ons lewens wys.

# Liefde in die huwelik

Patrys Venter

Dink aan julle verhouding toe julle nog vir mekaar ogies gemaak het ...

Heeltyd handjies vasgehou, styf langs mekaar gesit, skelm ’n soentjie gesteel, oulike boodskappies vir mekaar gestuur, gelag vir mekaar se (soms flou) grappies en met deernis verwys na die ander een se “oulike” maniertjies. Julle het elke maand se saamwees herdenk. Trots het jy aan almal gewys dat jy ’n spesiale persoon in jou lewe het.

Almal rondom julle kon duidelik sien hoe verlief en gelukkig julle is.

Spring nou 10 jaar vorentoe – ou getroudes ...

**“Fluister julle nog liefdeswoordjies in mekaar se ore of steel ’n skelm soentjie?”**

Antwoord eerlik:
Tree julle nog so teenoor mekaar op?


Dink jy nog steeds die maniertjies is oulik of irriteer dit jou deesdae?

Stuur julle nog oulike boodskappies vir mekaar, sommer net ... of praat julle net wanneer julle mekaar sien en dan oor werk, die huis of kinders?

Fluister julle nog liefdeswoordjies in mekaar se ore of steel ’n skelm soentjie?

Voel jy nog dieselfde geluk en liefde?

As jou antwoord op hierdie vraag nee is, vra jouself: Hoekom?




Ja, die lewe het gebeur, julle is ouer, het meer verantwoordelikhede, bekommernisse, minder tyd en die kinders hou julle besig ...

Julle doen dinge anders. So waarom is jy verbaas dat die resultate verander het? Maak julle mekaar nog gelukkig?

**Hoe máák ons mekaar dan gelukkig?**
Deur daardie klein spesiale goedjies vir mekaar te doen – goedjies wat jy nie noodwendig verwag nie, maar wat wys jy gee om. Daardie moeite wat ons gedoen het toe ons nog die ander een wou beïndruk ...

’n Onverwagse **“ek is lief vir jou”** boodskap deur die dag, om skottelgoed te was sonder om gevra te word, openlik hande vas te hou of sommer net ’n soentjie in die verbygaan op die ander een se kop te plak, **wys liefde.**

Dit voel dalk na ’n onbegonne taak om op die verwaarloosde en geërodeerde pad, terug te draai, maar probeer. Doen een klein dingetjie vandag ... en môre weer en die dag daarna weer ... die resultate sal jou stoutste verwagtinge oortref!



# Perspektief op die liefde

Gerhard en Carmen van Staden

(Verwerk en aangepas uit 'n getranskribeerde weergawe van 'n gespreksaand deur prof. Henk Stoker, Vise-rektor Studentesake/Etiek en Apologetiek aan die Teologiese Skool, Potchefstroom. Die gespreksaand het gehandel oor heidense feeste, met die klem op veral Valentynsdag en Halloween.)

Op 14 Februarie word Valentynsdag gevier. Hierdie dag word versinnebeeld met die liefde. Hoekom is dit so en waar kom dit vandaan?

In kort: Rondom 72 n.C. was dit onwettig vir soldate om getroud te wees omdat hulle moes veg en hul nie oor vrouens en kinders moes bekommer nie. Die Christen predikante het nie hierin geglo nie en hulle het voortgegaan om die soldate in die huwelik te bevestig.

Keiser Claudius II het predikant Valentyn in die tronk gegooi omdat hy die Keiser se wil verontagsaam het deur steeds soldate in die huwelik te bevestig. Valentyn is op 14 Februarie hiervoor tereggestel. Later, gedurende die 5de eeu, het Pous Gelasius I Valentynsdag ingestel omdat dit oor die huwelik gegaan het.

As dit suiwer oor liefde gaan, dan staan 'n mens in verskillende verhoudings met liefde. As jy in 'n liefdesverhouding met iemand is, hetsy met jou man/vrou, 'n kêrel/meisie, jou gesin/familie of wie ook al, **dan móét jy elke dag jou liefde vir daardie persoon/persone wys. Vir Jesus Christus ook! Dít is wat God wil hê!**

Elke dag moet ons ons liefde laat skyn, selfs ook na ons naaste toe (Lees Matt 22:37 – 39). Ons kry dit nie altyd reg nie – daarom het Christus ook vir ons gesterf. Ons moet ook élke dag gebruik om die liefde van Jesus Christus na alle mense uit te dra.

Ons mag nie vir Valentynsdag wag om ons liefde te wys nie, anders sal ons in die gat van die kommersialisering van "liefde" val. As jy vir iemand 'n drukkie kan gee, dan doen jy al baie goed om jou liefde vir mense te bewys!

Die diepste liefde wat ons in die Bybel van lees, is die allesomvattende

**"gee liefde", die Agape-liefde.**

**Dit is die soort liefde wat die Here vir óns het en óns vir Hóm!**

# Wanneer dit moeilik is om lief te hê

Corrie van Wyk

Matteus 5:43-45: **Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.' Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg...**

Van tyd tot tyd kom ons almal mense teë wat ons die harnas in jaag – dalk selfs mense wat ons aanstoot gee, verkleineer of probeer om ons skade aan te doen.

**Hoe hanteer ons hulle?**


Wat ons dikwels wil doen, is om ons vyande te haat en om hulle terug te betaal – hetsy openlik of net heimlik. As alternatief kan ons hulle vermy, verwerp of straf ... dit is immers tog maar net menslik...

Jesus Christus het ons egter iets anders geleer. Hy het ons geleer om vir hulle te bid:

**"Bid vir julle vyande."**



Dit is nogal 'n stewige opdrag, is dit nie? Maar, dit is noodsaaklik – tot so 'n mate dat Christus dit die tweede belangrikste gebod gemaak het!



**Hoe kan ons sulke mense liefhê?**

Nie in eie krag nie. Nie deur maar net te probeer nie, maar wel wanneer die Heilige Gees dit vir ons moontlik maak.

Hy maak die onmoontlike vir ons moontlik deurdat Hy ons help om al hierdie mense anders te sien as wat ons hulle van nature sou sien.

Ons sien in hulle skepsels van God, mense wat na Sy beeld gemaak is, mense ter wille van wie Christus Homself oorgegee het tot in die dood.

En omdat ons met ander oë na hulle kyk, ontdek ons dat selfs hulle ons liefde werd is.

**As God hulle liefhet, kan ons hulle ook deur Sy Gees leer liefhê.**

Die liefde ontdek in 'n ander wat die liefdelose nooit in hom sal sien nie. Die Gees van Gods liefde open ons oë om in die onbeminlike naaste die waarde te ontdek, die vreemde waarde, wat God aan hom heg. As ons met die oë van Christus leer kyk, is liefde nie meer moeilik nie.

*Liefde vir mekaar!*

# Gebedsbediening: Bid in Liefde

Renate Wannenburg

- Uit onsself is ons nie tot liefde in staat nie, want die vlees en gees is heeltyd in stryd met mekaar. Kom ons bid dié maand dat die Here ons sal lei om die volle wapenrusting aan te trek om die vurige pyle van die bose af te weer.

**Johannes 12:26**

**"As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer."**

- Net die Waarheid en Lewendige Woord kan ons lei om in liefde met mekaar te leef. Laat ons ernstig by die Heilige Gees om leiding bid om die twee in balans te handhaaf.

**Johannes 14:26**

**"... en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."**

- Liefde vloei en dit maak dat mens kán en móét uitreik na ons medemens – kom ons bid dat die Here mense op ons pad sal stuur en ons ook in elke spesifieke situasie sal toerus.

**Matteus 28:18-20**

**"Jesus kom toe nader en sê vir hulle: Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wereld."**

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Sáám ontmoet ons ons Here

Ds. Pieter Kurpershoek




Elke dag leef jy en ek voor ons Here en in gemeenskap met ons Here. Elke dag mag ons elkeen op ons eie en dalk as gesin sy Woord lees en deurdink en persoonlik biddend met Hom gesels. Maar één dag per week, die éérste dag, Sondag, mag jy en ek sáám met ander kinders van die Here kom om Hom en mekaar te ontmoet!

**Hoekom doen ons dit?**

en ook:

**Wat doen ons wanneer ons so sáám ons Here ontmoet?**

By hierdie vrae staan ons tans tydens ons oggenderedienste stil. Maar daar is ook 'n ander vraag of twee waaroor jy en ek persoonlik moet nadink:

**Hoekom bly ek soms van 'n erediens weg, van ons sáámkom as gelowiges elke Sondag?**

en ook

**Wat mis ek, wat verloor ek, wanneer ek nie aan 'n erediens kom deelneem nie?**

**"Ons sáámwees in die erediens op 'n Sondag rus ons met krag toe sodat ons Maandag as kinders van die Here kan gaan lééf, elkeen van ons in ons eie omgewing!"**

Tydens die saamkom van al ons kerke tydens die 1997 Sinode het ons indringend besin oor wat 'n erediens is en wat alles in 'n erediens behoort te gebeur.

Die kerninhoud van hierdie besinning kry ons vandag in 'n boekie met die titel: **Ons kerke se lewe weerspieël in ons liturgie.**

Elke hoofmoment van die erediens, saam met elke faset van die erediens, word omskryf en verduidelik.

As jy en ek dus wil verstaan wat ons doen wanneer ons in die erediens saamkom, maar ook meer wil besef wat ons mis wanneer ons nié aan 'n erediens deelneem nie, kan dit goed wees om hierdie boekie deur te werk. Daarom, as jy graag die boekie wil lees, kontak Clarissa en sy sal dit elektronies vir jou aanstuur.

Uiteindelik moet ons onthou: Ons sáámwees in die erediens op 'n Sondag rus ons met krag toe sodat ons Maandag as kinders van die Here kan gaan lééf, elkeen van ons in ons eie omgewing!

Mag ons Here deur ons sáám-kom-elke-week jou en my toerus en aanspoor om Hom met oorgawe te dien, waar ons ook al is!

# God se genade deur die liefde van 'n oom ...

Anoniem

1 Korintiërs 13 beskryf die eienskappe van liefde en onder andere word genoem dat die liefde vriendelik en geduldig is en nie boekhou van die kwaad nie. 'n Storie het onlangs onder my aandag gekom van 'n vrou wat Christelik opgevoed is, maar as volwassene onverskillig geleef het. Sy het 'n oom gehad vir wie sy baie respek gehad het. Die Here het die oom as instrument gebruik en na die vrou gestuur en met sy volgehoue liefdevolle aanslag het die vrou tot bekering gekom. Ek deel graag hierdie ware verhaal met ons lesers. (Red.)

Die vrou, jongste van vier dogters, het as kind wel 'n Christelike opvoeding gehad, maar as tiener het sy en haar susters nie 'n goeie verhouding met hul ouers gehad nie. Al vier is op 'n vroeë ouderdom uit die huis om op hul eie te gaan woon. As jongste sussie het sy eers vir 'n jaar oorsee gewoon en het daarna teruggekeer Suid-Afrika toe. Sy het toe net soos haar susters in 'n saamwoonverhouding met haar vriend geleef, weg van die Here.

Sy het wel haar oom opgesoek omdat haar oom haar herinner het aan haar oupa vir wie sy baie lief was. Haar oom het uitgevind van haar saamwoonverhouding en dit was vir haar duidelik dat hy dit nie goedkeur nie. Sy en haar vriend besluit toe om te trou en haar oom lei haar op daardie dag die kerk binne.

Daar is twee kinders uit die huwelik gebore, maar die huisgesin het nie die Here gedien nie. Daar was nie eens 'n Bybel in die huis nie.

Die vrou word toe siek – kanker. Sy kry chemo en staar die dood in die gesig. Sy ontvang 'n papiertjie met 'n teks uit Johannes van 'n wildvreemde persoon by die hospitaal waar sy chemo ontvang. Die papiertjie pla haar, maar sy gee nie aandag daaraan nie – bêre dit in haar laai. Uiteindelik vertel sy vir haar oom daarvan.

Haar oom laat lewer 'n Bybel en 'n dagboek by haar huis af en hy besoek haar twee-weekliks. Oor die tyd bly hy geduldig en vra nie vir haar of sy wel die Bybel ontvang het nie. Hy lees net elke keer vir haar 'n stukkie uit sy eie Bybel en doen vir haar 'n gebed.

So gebeur dit dat die vrou op 'n keer vir haar oom bel en tussen die trane deur, deel sy die volgende met hom: "Oom, ek ... lees ... weer ... die ... Bybel".

In Lukas 15:10 staan daar:

**"Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer".**



# Praat met God oor mense – Vat vyf!

Giepie van der Merwe

Verlede jaar is die geleentheid geïdentifiseer en die inisiatief begin om elke lidmaat aan te moedig om verlorenes rondom hulle te identifiseer en as eerste stap, daagliks vir hulle redding te begin bid.

Indien elke lidmaat in die gemeente VYF MENSE, wat redelik naby aan hulle leef en by wie die vrug van hulle lewens nog nie wys dat hulle naby aan Jesus leef nie, identifiseer, kan ons maklik duisende name daagliks aan God opdra. Hierdie mense kan familie, vriende, kollegas, bure of selfs net terloopse kennisse wees.

**God verhoor sy kinders se gebede en kán en wíl deurbrake bewerkstellig. As ons dus so bid, sal die Here ook in ons werk om ons meer ingestel op verlorenes te maak. (vlg. Lukas 5:32).**

**Ons sal soos Jesus oor hulle begin voel en soos Hy na hulle begin kyk (Matt. 9:36). Ons sal hulle anders hanteer en meer daarop ingestel wees om na hulle uit te reik.**

Dit is dan ook ’n wonderlike ervaring as mens mettertyd die geleentheid kry om vir so ’n persoon te sê dat jy al ’n geruime tyd lank vir hom/haar bid en dat hy/sy asseblief moet sê as daar enige aanvoelbare nood in sy lewe is, sodat jy spesifiek daaroor vir hom/haar kan bid.

Die Vader staan gereed om daardie gebede te beantwoord, sodat Hy daardeur vir die persoon kan wys hoe naby Hy en Sy Koninkryk werklik aan hom gekom het. Wanneer dié gebed beantwoord word, sal daardie persoon nie skroom om dit vir jou te kom vertel nie en dan het jy geleentheid om vir hom te sê: “Weet jy, jy kan dit ook vir ander mense doen, maar daarvoor het jy nodig om in totale oorgawe aan Jesus te lewe en dit is iets waarmee ek jou regtig kan help ...”

Op hierdie vredevolle wyse gaan daar vir gelowiges soveel deure van die Woord na ongelowiges toe oop en kry ons die geleentheid om saam met hulle ’n pad na die Here Jesus te stap.

Laat ons daarom die reis begin waar ons dit moet begin:

**Kom ons praat dan eers met God oor mense, voordat ons nog met mense oor God begin praat.**

Ons nooi almal uit om aan die mooi inisiatief deel te neem. Identifiseer biddend jou VYF persone, skryf hulle name neer en begin daagliks vir hulle bid.

Hy het die mag om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens Sy krag wat in ons werk (Ef. 3:20)!

# Om die braaivleisvuur

Andrie Beumer

Seker die beste plek om mekaar beter te leer ken, is om saam om 'n braaivleisvuur te kuier en dan saam te eet. Die ouderlinge en diakens het op **Saterdag, 18 Januarie,** presies dít gedoen om 2025 op 'n hoë noot te begin.



Almal het hul naamkaartjies gedra sodat die enkeles wat nog nie almal se name geken het nie, dit só kon leer. Terwyl daar gewag is vir die vure was daar 'n lang voorafkuier.

Ds. Kurpershoek het dit toe bietjie interessant gemaak deur die naam-kaartjies weer in te neem en dan diegene wat volgens sy kennis nie baie kontak met mekaar het nie, twee-twee bymekaar te plaas.

Een van hulle moes dan albei se vleis braai en hulle moes dan ook bymekaar aan tafel sit tydens die ete. Só is daar dan wérklik kennis gemaak met die minder bekendes.

Renate het as verrassing 'n heerlike appelkoos- en roomtert gebring wat saam met roomys en sjokoladesous die soettande kon bevredig.

By sommige tafels is daar diep gesprekke gevoer, terwyl daar heelwat joligheid by ander was. Die middag het verbygevlieg en aan die einde van die aand het almal wat daar was saamgestem dat dit 'n uiters suksesvolle oefenlopie was. Ja, oefenlopie, want verseker gaan daar weer sulke geleenthede wees.

Ds. Pieter se woorde som dit so mooi op: **Hierdie geleentheid het die persone wat sekere verantwoordelikhede in die gemeente het en wat leiding moet gee as span saamgebind.**

Sodoende kan hulle almal saam 'n pad stap, saam groei, saam meer toewyding toon en op dié wyse ook saam met die gemeente die pad stap om te leef uit die Here se genade.

# Kom Kuier na Kerk!

Rita Kruger

In ons gemeente het ons drie name vir eintlik dieselfde "aksie":

**1. Tee drink na die diens in die saal.**
**2. Die ketel is aan na die aanddiens, jy was jou eie koppie!**
**3. KKnK**

Tydens hierdie geleenthede, les jy wel jou dors, MAAR jy gryp ook die geleentheid aan om jou broers en susters in die oë te kyk en in mekaar se lewens te deel. Die Noord-Sotho spreekwoord sê: "'n Mens is 'n mens deur mense."

1 Kor. 12:12 sê:

**"Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het en, soos die lede saam al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus."**

Kom Kuier na Kerk het in 2016/2017 ontstaan en is spoedig **KKnK** deur ds. Heinrich Zwemstra gedoop. Dis 'n amptelike uitnodiging aan ál die lidmate om saam te kom kuier, met die belofte van iets te ete, die geleentheid om saam te kuier na die aanddiens, én jy hoef nie jou eie koppie te was nie!

Die Sosiale kommissie is vir die reëlings hiervan verantwoordelik en die Verwelkomingsspan stel nuwe intrekkers voor en doen moeite om hulle tuis te laat voel.



**Dit is opmerklik hoe lekker lidmate op so 'n aand kuier. Hierdie is 'n ideale geleentheid om ons verhoudings met mekaar te versterk, mekaar te ondersteun en te bemoedig.**

Hier ervaar mens 'n ander se getuienis van Christus se teenwoordigheid in hul lewe en besef die grootskaalse werk van God, wat jy nie alleen in jou klein wêreld sou ervaar nie.

Ons is interafhanklike ledemate van die Liggaam van Christus. As een ledemaat hom eenkant hou, is die liggaam in die moeilikheid.

Soos ons in ds. Pieter se prediking kon hoor: Dit waarmee God my gevul het, deur Sy Gees, kan ek aangee aan 'n ander.

# Diakonie werksessie

Die Diakonie

Vanaf **28 – 30 Januarie 2025** het die diakonie byeengekom. Die doel van die werksessie, as deel van die oorhoofse tema **TOERUSTING**, was om die diakens (en later ook ons gemeentelede!) behulpsaam te wees **om hul roeping binne 'n bepaalde area van bediening/dienswerk te identifiseer.**

Onder die tema: **"Dien Jesus ...!"** is daar gekyk na hoe die proses verloop, hoekom ons moet dien asook hoe ons behoort te dien. 1 Korintiërs 12, 13 en 14 was die basis waarop hierdie tema berus.

Onder leiding van ds. Pieter is etlike aspekte aangespreek.

**1.** Eerstens is die definisie van **"My Roeping"** bespreek.
Jou roeping is daardie begeerte wat jou dring om 'n verskil te maak.
Daarna is die vraag: "Wat motiveer my om te dien?" bespreek. 'n Kort vraelys is voltooi om te bepaal wat my roeping is en waar ek die beste in die bediening sal pas.

**2.** Tweedens is gepoog om ons **"Persoonlike Styl"** te identifiseer.
Dit het te make met jou persoonlikheid of temperament. Na 'n kort bespreking volg 'n verdere vraelys wat sou bepaal wat jou voorkeurstyl is, m.a.w. is jy taak- of mense (on)gestruktureerd/ gedrewe?

**3.** Derdens het **"Geestesgawes"** aan die beurt gekom.
Die vraag: "Wat kan ek doen om 'n verskil te maak?" is bespreek. Hierna volg 'n vraelys van 156 vrae, twee vraelyste van derde partye en 'n telkaart om voltooi te word. Die doel was om "my gawe-profiel" op te stel. Die gawe-profiel is tussen gemanifesteerde gawes en latente gawes verdeel. Hiervoor is 26 verskillende gawes geïdentifiseer.

**4.** Vierdens het **"My Dienaarsprofiel"** aan die beurt gekom.
Die vraag: "Hoe het die Here my gemaak?" is bespreek waarna ons ons Godgewe samestelling, ons roeping (missiestelling) en diensprofiele moes formuleer.

**5.** Laastens is die vraag gevra: "Dien ek nou op die regte plek?" Om hierdie vraag sinvol te beantwoord, is die diakonie 14 dae gegun om repliek te lewer.

**Hierdie werksessie se doel was om die diakonie te bemagtig om AL die gemeentelede voortaan aan te moedig om ook hulle gawes te gebruik om Jesus te dien! Meer hieroor later.**



# Hallo dominee-in-wording: Brendan Vorster!

Ds. Pieter Kurpershoek



Aan die einde van verlede jaar het die Teologiese Skool Potchefstroom ons kerkraad versoek dat die twee finale jaar-studente 'n deel van hul praktiese opleiding in ons gemeente moet kom doen. Die bedoeling is dat hierdie studente aan al die werk wat 'n dominee doen, blootgestel word en ook ervaring daarin opbou.

Daarom sê ons op **15 Februarie** welkom aan Brendan Vorster. Hy gaan tot einde Mei deel van ons gemeente wees. In hierdie tyd vertrou ons dat hy baie van ons sal leer ken en ook die besondere gasvryheid en liefde van Pretoria-Annlin sal beleef!

Brendan kom oorspronklik uit die Vaaldriehoek-omgewing. Sy pa is 'n chemiese ingenieur, sy ma 'n maatskaplike werker wat in 'n privaatpraktyk werk, terwyl sy broer sewe jaar jonger as hy is.

Die afgelope sewe, agt maande is daar 'n groot liefde in Brendan se lewe. Dit is nie die houtwerk wat hy graag doen nie, maar wel 'n jonge dame met die naam Lindie Meyer. Brendan het haar in Potchefstroom leer ken waar sy biokinetika studeer het. Terwyl Brendan hierdie jaar sy praktiese opleiding doen, gaan Lindie besig wees met haar M-studies.

Brendan self het aanvanklik ruimte-fisika aan die NWU begin studeer, maar het na 'n jaar besef dat die Here hom roep om na teologie oor te skakel. Brendan was aanvanklik deel van die NG Kerk, maar het in sy derde jaar deel geword van die Gereformeerde Kerk Cachet, die Dopper-studente-gemeente in Potchefstroom. Nou skakel hy egter voluit by ons gemeente in!

Brendan, ons vertrou dat jy die tyd hier saam met ons baie gaan geniet! Ons sal graag wil bydra tot jou vorming en ook saam met jou die pad met ons Here Jesus stap!

**Mag jy Sy liefde hier beleef en mag ons deur jou ook gevorm word in ons leef as volgelinge van ons Here Jesus!**

# Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

## Elise van der Merwe-Weber en Michyla Weber



As gemeente het ons 'n Middelburgse ma-en-dogter-kombinasie ryker geword, met Elise van der Merwe-Weber en Michyla Weber wat by ons ingeskakel het.

Elise is nie 'n onbekende in hierdie omgewing nie, aangesien haar ouers lank in Montanapark gebly het – juis in die huis waar Elise en Michyla nou ook bly – terwyl haar broer, Kobus, vir verskeie jare GK Kameeldrift se skriba was.

Elise het baie jare as interne ouditeur by FNB in die Middelburg-omgewing en Mpumalanga gewerk en toe afgetree. Nou help sy haar broerskinders met hul ingenieursfirma in die ooste van Pretoria.

Daarmee saam gebruik sy ook baie van haar tyd om ouma te wees vir haar broer se kleinkinders. Michyla weer, studeer tans op deeltydse basis regte by Akademia.

Michyla en Elise ... dis vir ons lekker dat julle deel geword het van ons gemeente.

**Mag ons Here julle deur sy Gees toerus om ook diensbaar hier te kan wees en mag julle in sy genade ingroei in die tyd wat ons as gelowiges so saam met mekaar mag leef!**

# Leer ken ons kategete

Rika du Plessis

Ons het vir 2025 se kategete gevra watter Bybelvers hulle al van hulle kinderdae af bybly, of vir hulle uitstaan. Hier is wat hul gesê het ...



**Liza Vosloo**

*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*

Matteus 5:3



**Nina Venter**

*Mag die God van hoop julle deur julle geloof met alle blydskap en vrede vervul, sodat julle hoop oorvloedig kan word deur die krag van die Heilige Gees.*

Romeine 15:13



**Zoë Venter**

*Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan.*

Josua 1:9



**Santa van der Merwe**

*Ek het besef dat alles wat God doen, vir altyd sal bestaan. Daaraan kan niks toegevoeg word nie, en daarvan kan niks weggeneem word nie. God het dit gedoen sodat hulle ontsag vir Hom sal hê.*

Prediker 3:14



**Rika du Plessis**

*Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig, O Here, my rots en my verlosser!*

Psalm 19:15



**Lientjie Goodey**

*Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.*

Psalm 37:5



**Issie Beetge**

*Moenie bang wees nie, want Ek is met jou; moenie bekommerd wees nie, want ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou ook, Ek ondersteun jou met my regverdige regterhand.*

Jesaja 41:10



**André Beetge**

*Maar Hy het vir my gesê: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring." Daarom sal ek my baie liewer op my swakhede beroem sodat Christus se krag my kan beskut."*

2 Korintiërs 12:9



**Ds. Pieter Kurpershoek**

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."*

Matteus 11:28

# Jeugbediening

Anneën van der Merwe

Die jeugbediening trek 'n nuwe baadjie aan! Alhoewel ons tans nog in die oorgangsfase is, is ons opgewonde oor wat die Here begin het en ook waarheen Hy met ons op pad is!

**Die doel is om ons jeug te help om geloofsvolwassenheid te bereik. Daar is vier bene waaraan gebou word, nl.**

- **Aanbidding,**
- **Kennis,**
- **Verhoudinge**
- **Diens**

**Bo-op hierdie vier bene rus die uitstraal van Jesus na buite.**

Wat ons sover oor hierdie nuwe baadjie kan deel, is: Ons leer Psalms in die katkisasie-opening as deel van aanbidding. Ons kry twee Sondae om dit te leer en dan sing ons dit saam in die erediens op die derde Sondag.

Katkisasie is ook in 'n oorgangsjaar. Gr. 1 – 8 doen 'n jaar gebaseer op Jesus se vraag aan sy dissipels: "Maar julle, wie sê julle is Ek?" (Matt. 16:15)

Die hoop is om ons katkisante te bring om hierdie vraag vir hulleself te kan beantwoord. Nie net 'n kennis antwoord nie, maar 'n persoonlike antwoord uit die hart.

Dieselfde tema word tuis behandel sodat **gesinne dit kan doen as deel van huisgodsdiens.** Vrae wat pas by die verskillende ouderdomsgroepe is uitgewerk.

Die katkisante het saam gesels aan die begin van die jaar oor wat hulle graag wil doen. Nie net om **in gemeenskap met mekaar te leef** nie, maar ook **hoe hulle dienswerk in die gemeente én na buite kan verrig.**

By die doop van elke kindjie belowe ons as gemeente om te help om hom/haar op te voed in die geloof en is daarom ook besig om te dink hoe ons ander volwasse lidmate in die gemeente geleentheid kan gee om by ons jeug betrokke te raak.

Ons is opgewonde oor die pad vorentoe saam met die Here! Ons laat ons werk hierin aan Hom oor en vertrou dat Hy ons planne sal uitvoer (Spr. 16:3).

Kinderhoekie



# Vervolgverhaal: Mia se mannewales - Deel 4

Nicola du Plessis

’n Motor hou voor ons hek stil. My hond blaf. My ma stap voordeur toe. Ek besef met ’n skok dat dit heel moontlik die DBV is. Ek gryp die boks waarin ons vir die ruimtewese ’n bed gemaak het en hardoop met die trappe op na my kamer toe. Onder in my kas maak ek haastig plek. Ek pak my hokkiestokke voor die boks. Ek soek na nog ’n paar goed wat ek voor dit kan indruk. Ek maak die kasdeure toe en hoop dat die gedoente nie ’n lawaai sal maak nie. Ek hoor stemme in die sitkamer. Tot my vebasing is dit my tannie! Ek sug verlig en hoor hoe my ma vir haar begin vertel van ons gas. Ek draf by die trap af en groet my tannie. Dan draf ek weer op na my kamer toe.

Ek maak my kas oop om die mannetjie uit te haal. Daar is ’n gat in die kant van die boks en die groen jelliemannetjie is besig om aan my gunsteling paar tekkies te kou! Ek gryp dit by hom en bestudeer die skade. Die sool hang aan ’n klein stukkie lap. “Dit sal ek seker nie weer kan dra nie,” mompel ek.

“As ek mag vra,” vra ek sarkasties “is twaalfjarige meisies se gunsteling skoene julle stapelvoedsel daar op jou planeet?”
“Maar natuurlik nie,” antwoord hy half verbaas.
“Het jy dan nie geweet dat ruimtewesens goed kou as hulle bekommerd is oor iets nie?” Hy vra dit asof dit ’n heel logiese ding is om te weet. Voordat ek hom kan antwoord, hoor ek motors wat met skreeuende bande en blêrende sirenes in die straat voor ons huis tot stilstand kom.

Die geluid van die deurklokkie klief deur die huis ...





**Jongmensjolyt**

## Aktiwiteit

Kom ons leer 'n nuwe beryming! Nadat jy die verse gelees het, verbind die lirieke met die prentjie wat beste daarby pas.

### Skrifberyming 5-1: 1, 3
### Die Kruiswoorde






**Oor die kruis neersinkend, bid Hy:**

**"Vader, ag vergeef hul dit,**
**want hul weet nie wat hul doen nie."**

**As Hy so sy bede bid,**
**dan weerklink daar, slag na slag,**
**hamerhoue van die wag.**





**By die kruispaal staan Maria,**
**en Johannes word haar kind:**

**deur die kruiswoord: "seun" en**
**"moeder"**
**word sy aan sy sorg verbind.**






**En hy't haar, van nooddruf vry,**
**al sy liefde toegewy.**

## Kleuterpret

# Lees Galasiërs 5:22-25


Ken jy die vrugte van die Gees?

Die Bybel sê: **"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal..."**





Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Kleur dan die prentjie in, en as jy wil, kom plaas hom op die kennisgewing bord in die voorportaal by die kerk!

## Kerkfinansies



**Die 2024/25 Finansiële jaar is feitlik op sy einde (eindig op 28 Februarie) en ons hoop om met die Maart uitgawe die inkomste- en uitgawesyfers te kan deurgee asook die begroting vir die nuwe finansiële jaar. (Red.)**

## Briewekolom



### 'n Briefie van pastor Samuel Pedro van Nampula, Mosambiek

Die volgende briefie van pastoor Samuel Pedro van Nampula in Mosambiek is ontvang. Ons gemeente ondersteun hom met 'n toelaag om vir sy gesin te kan sorg en verskaf ook finansiële ondersteuning sodat hy maandeliks na die dorpe Ribaué, Montepuez en die stad Nacala kan reis om jong gemeentetjies daar te bedien. Die briefie is uit Portugees vertaal. (Red.)

Goeiedag broers en susters,
Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om my groete in die naam van ons Koning Jesus Christus aan die Evangelisasiekommissie en die hele gemeente van Pretoria-Annlin oor te dra.

Ek en my gesin bly dankbaar vir die ondersteuning wat die Pretoria-Annlin gemeente ons vir my reise na Ribaué, Nacala en Montepuez gee asook die hulp om voedsel te kan aankoop. Hierdie hulp help ook dat my kinders kan skool toe gaan.

Sedert Julie 2022 is ons ondersteun met gebede, vervoer, lektuur soos bv. Bybels, liedboeke, kategismusboekies en nuusbriewe. Hierdie skenkings en die sokkerballe en springtoue wat aan ons kinders geskenk is, het ons baie met evangelisasie gehelp.

Ons het nou al 18 lidmate in Ribaué, 14 in Nampula en 16 in Nacala. Hierdie is almal volwasse lidmate en sluit nie die kinders in nie. Dit is waarom ek graag wil sê dat jul opofferings nie tevergeefs is nie. Mag God altyd geprys word!

# ’n Brief van Gerhard en Carmen van Staden - Wyk 32



Op Saterdag, 11 Januarie 2025 kom Wyk 32 byeen vir ons jaarlikse byeenkoms. Dit was die tweede keer wat ons byeenkom na 2024 se groot sukses. Onder leiding van oudl. Dirk Coetzee, bygestaan deur vroulief Joan, kom ons byeen by Jan Idema se huis. Wat ’n gedoente was dit nie om Jan se huis te omskep vir hierdie funksie nie! Om 10:00 het al die gaste reeds gearriveer, elkeen met ’n bordjie om te deel. Elkeen kry toe ook sy/haar eie naamplaatjie (pragtige werk, mev. Dominee, alombekend as Marietjie!).

Oudl. Dirk behartig die skriflesing. Die boodskap het om 2025 in te stap met die Heilige Gees in jou gehandel. Ons moet weet ons is gered en geborge deur Sy krag. Jesus is ons aantrekkingskrag, reddingskrag en dryfkrag! Lees Psalm 91 as skuilplek vir 2025, sê hy. Hierna lei ds. Pieter ons met die sing van Psalm 100:1 – 4 en doen oudl. Dirk ’n gebed.

Na ’n paar sekondes van stilte trek Oom Hakkie los met twee staaltjies van vanmelewe se dominees se streke en gebeure in hul gemeentes. Ons skaterlag. Ds. Attie laat nie op hom wag nie en vertel ook etlike staaljies. So ook ds. Pieter. Selfs emiritus ds. Christie, pas by ons wyk ingeskakel, vertel saam! Die spreekwoordelike ys is gebreek en eensklaps voel ons almal soos familie.

Hierna word heerlike soet- en soutigheidjies opgedis, tesame met koffie, tee en vrugtesap. Met ons kieste gevul met al die heerlike versnapperinge, kuier ons verder. Oom Jan & Tannie Lana Verburg, Tannie Martie & Oom Phillip Bruwer kuier al te heerlik saam! ’n Beplande twee uur byeenkoms word skielik ’n vier uur lange kuier van ongelooflike samesyn.

Aan almal teenwoordig, hartlike dank en waardering vir ’n uitsonderlike geleentheid. DV 2026 maak ons beslis weer so!




# Snuffelfontein

## Plaas jou advertensie gratis!

Lidmate mag gratis in die **Fontein Maandblad** adverteer mits dit aan die standaarde voldoen. Hierdie vergunning geld egter slegs vir ons gemeente se eie lidmate. Met hierdie rubriek wil ons graag die geleentheid skep dat ons as lidmate mekaar ondersteun.

Die advertensie mag enige besigheid of item wat die lidmaat wil verkoop, verhuur of beskikbaar stel, insluit.

Slegs Afrikaanse advertensies sonder spel- en taalfoute en wat van goeie smaak getuig, sal aanvaar word. Indien daar by die Kerkkantoor twyfel bestaan oor die smaakvolheid, standaard of taalgebruik, sal die Redaksionele Komitee daaroor besluit en die komitee se beslissing sal finaal wees.



Tweedehandse tuingereedskap beskikbaar. Hoogste aanbod sal aanvaar word. Koopsom word geskenk vir GK Annlin Evangelisasie. Kontak die Kerkkantoor by 012 543 1492.



Canon Pixma MX494
Drukker
Maak 'n aanbod vir
Bybelverspreiding
Stuur aanbod aan
fontein@annlin.co.za



Hierdie pragtige Afrikaanse 53 Vertaling naslaan Bybel met leeromslag is aan die Tweedehandse Verkoping Diensgroep geskenk. Lyk splinternuut. Maak asb. 'n aanbod by die Kerkkantoor.
079 162 3453.



Vrugte @ Renate
Verskeidenheid gevriesde vrugte beskikbaar per kg.
Kontak vir Renate by
082 443 7081.

SR. RENATE WANNENBURG
WONDSORG / WOUND CARE
Kontak no: 082 443 7081
Practice no: 0214876
332 Fred Nicholson Ave, Mayville

# Het jy geweet?

## Die Bybel beskryf 4 unieke vorms van liefde en dit word gekommunikeer deur middel van Griekse woorde:

[Bron: af.eferrit.com]

Gerhard van Staden



**Storge (στοργή):**
Familieliefde, liefdevolle band tussen ouers en kinders, broers en susters



**Agape (ἀγάπη):**
God se onmeetbare, onvergelykbare liefde vir die mensdom



**Eros (ἔρως):**
Sensuele of romantiese liefde



**Philia (φιλία):**
Emosionele band wat in diep vriendskappe gesien word (liefde vir medemens, sorg, respek, deernis vir mense in nood, ens.)




Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: